Tekste: Psalm 127: 1, 1983; Efesiërs 6: 24, 2022; Efesiërs 1: 15-23, 2007.
Fokus teks: Lukas 10: 38-42, 1983.
Liedere: VONKK 139: 1-4; Gesang 205: 103; Gesang 250: 1-5; Gesang 525: 1-3.

AANKONDIGINGS:

KLOK:

Ons kom sit vandag, in die gees, soos ‘n Maria van ouds, aan die voete van Jesus. Ons wil na Hom luister en Sy teenwoordigheid ervaar. Word op hierdie vierde Sondag van die opstanding bewus van die feit dat Jesus opgestaan het. Ja! Hy het waarlik opgestaan!

TOETREDE:

Ek bewonder U, my Heer ~ VONKK 139: 1-4.

VOTUM:

As die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou, tevergeefs. As die Here die stad nie beskerm nie, waak dié wat dit beskerm, tevergeefs (Kolossense 3: 1-4, 1983).

SEËN:

Die onverdiende genade van God is met almal wat ons Here, Jesus Christus, liefhet met ‘n liefde wat tot in die

Tekste: Psalm 127: 1, 1983; Efesiërs 6: 24, 2022; Efesiërs 1: 15-23, 2007.
Fokus teks: Lukas 10: 38-42, 1983.
Liedere: VONKK 139: 1-4; Gesang 205: 103; Gesang 250: 1-5; Gesang 525: 1-3.

verste ewigheid nooit sal ophou nie (Efesiërs 6: 24, 2022). Amen.

SANG:

Gemeente kom ons bring lof aan die Vader. Loof die Heer! Sing, gelowiges saam! Prys sy heilige Naam! Hy kom uit genade ons sondes versoen dat ons Hom vrymoedig ons Vader kan noem ~ Gesang 205: 1-3.

GELOOFSBELYDENIS:

Kom ons getuig vandag van die opstandingskrag. Skeptici vra graag na bewyse van Jesus se opstanding. Paulus verwys in sy gebed aan die gelowiges in Efese na die geweldige krag wat Jesus Christus in ons uitoefen. Dieselfde opstandingskrag is ook in ons aan die werk.

Paulus se gebed vind ons in Efesiërs 1: 15-23

[15]Ek het gehoor dat julle in die Here Jesus glo en dat julle lief is vir almal wat aan God behoort. [16]Daarom, wanneer ek bid, sê ek altyd vir God dankie vir julle, en dink ek aan julle. [17]Dan vra ek vir die God van ons Here Jesus

Tekste: Psalm 127: 1, 1983; Efesiërs 6: 24, 2022; Efesiërs 1: 15-23, 2007.
Fokus teks: Lukas 10: 38-42, 1983.
Liedere: VONKK 139: 1-4; Gesang 205: 103; Gesang 250: 1-5; Gesang 525: 1-3.

Christus, vir die Vader wat Koning is, Hy moet vir julle wysheid gee en Hy moet vir julle wys hoe julle Hom kan ken. [18]Ek bid dat God julle sal help om regtig te weet wat julle sal kry omdat Hy julle gekies het om aan Hom te behoort. Julle sal al die dinge kry wat Hy, die Koning, sal gee vir die mense wat aan Hom behoort. [19]Ek bid ook dat julle sal weet dat God se krag baie sterk is, en dat Hy sy krag in ons lewens gebruik, in ons wat glo. [20]Dit is dieselfde sterk krag wat God gebruik het toe Hy vir Christus weer laat lewe het en Hom laat sit het op die belangrikste plek by Hom in die hemel. [21]Christus is belangriker as almal en alles wat oor die wêreld wil regeer, belangriker as enige iets waaraan 'n mens kan dink, nou of in die tyd wat kom. [22-23]God het Christus laat wen teen al sy vyande. Hy het vir Christus die Hoof gemaak van alles. God het dit gedoen sodat dit goed sal gaan met die kerk. Die kerk is die liggaam van Christus. Hý alleen laat die kerk waarlik lewe, Hy laat alles lewe.

WET:

Tekste: Psalm 127: 1, 1983; Efesiërs 6: 24, 2022; Efesiërs 1: 15-23, 2007.
Fokus teks: Lukas 10: 38-42, 1983.
Liedere: VONKK 139: 1-4; Gesang 205: 103; Gesang 250: 1-5; Gesang 525: 1-3.

Gods wet vra al ons liefde. O Heer, wil dan u liefde ook deur ons openbaar, dat ons mekaar mag liefhê en so u wet bewaar ~ Gesang 250: 1-5

PREEK:

Ek wil vandag saam met julle leer uit Lukas se vertelling van Jesus se besoek aan Marta en Maria. Hierdie vertelling kom (só) net in die Lukas evangelies voor, nie in die Markus evangelie of die Matteus evangelie of die Johannes evangelie nie.

Ons lees wel van hierdie twee susters en hulle broer Lasarus op ander plekke in die evangelies. So lees ons net in die Johannes evangelie van Jesus wat Marta en Maria se broer Lasarus uit die dood opgewek het. Hierdie twee sussies is ook teenwoordig as getuies dat Jesus uit die dood opgestaan het. Jesus was is sy omswerwinge op aarde huisvriende met hierdie familie.

As ‘n mens die verhaal die eerste keer lees kan jy maklik verlei word om te sê dié verhaal gaan oor ‘n keuse tussen

Tekste: Psalm 127: 1, 1983; Efesiërs 6: 24, 2022; Efesiërs 1: 15-23, 2007.
Fokus teks: Lukas 10: 38-42, 1983.
Liedere: VONKK 139: 1-4; Gesang 205: 103; Gesang 250: 1-5; Gesang 525: 1-3.

Marta of Maria se manier van doen, maar dit is nie heeltemal waar nie. Die verhaal gaan oor Jesus en Marta en Maria.

Ons moet ‘n bietjie soos Marta wees en ‘n bietjie soos Maria. In ons verhouding met Jesus gaan dit oor balans. Die ou mense het altyd gesê: waar die te inkom is waar die probleem kom. Daarmee het die oumense bedoel dat balans nodig is. Pas op vir te veel dit of te min dat ... en dit is waaroor hierdie verhaal handel.

LUKAS 10: 38-42

38 Op hulle reis het Jesus in 'n dorp gekom waar 'n vrou,
Marta, Hom as gas ontvang het. 39 Sy het 'n suster gehad,
Maria, wat aan die voete van die Here gaan sit en na sy
woorde geluister het. 40 Maar Marta was baie bedrywig om
alles klaar te maak. Sy kom toe daar staan en sê: “Here,
hinder dit U nie dat my suster my alleen laat bedien nie?
Sê sy moet my kom help!”
41 Maar die Here antwoord haar: “Marta, Marta, jy is
besorg en bekommerd oor baie dinge, 42 maar net een

Tekste: Psalm 127: 1, 1983; Efesiërs 6: 24, 2022; Efesiërs 1: 15-23, 2007.
Fokus teks: Lukas 10: 38-42, 1983.
Liedere: VONKK 139: 1-4; Gesang 205: 103; Gesang 250: 1-5; Gesang 525: 1-3.

ding is nodig. Maria het die beste deel gekies, en dit sal nie van haar weggeneem word nie."

Ons lees net sover ...

PREEK:

Tydens Jesus se optrede van drie jaar, het hy te voet reg oor die Land gereis. Die doel van Jesus se uitgebreide reise was om mense van die koninkryk van God te leer. Hy was inderdaad 'n rabbi, 'n leermeester van formaat.

In vandag se teksgedeelte kom Jesus in Betanië aan. 'n Baie klein dorpie drie kilometer van Jerusalem, suid van die Olyfberg. Wat maak Jesus in hierdie klein gemeenskappie, moet hy nie eerder drie kilometer noord in die pragtige groot stad Jerusalem wees nie? Ek bedoel die groot kerk (die tempel) is tog daar. Baie-baie meer mense!

Ek dink ons leer hier iets van Jesus se hart. Geen dorpie is vir Jesus en sy koninkryk te klein nie of te gering nie.

Tekste: Psalm 127: 1, 1983; Efesiërs 6: 24, 2022; Efesiërs 1: 15-23, 2007.
Fokus teks: Lukas 10: 38-42, 1983.
Liedere: VONKK 139: 1-4; Gesang 205: 103; Gesang 250: 1-5; Gesang 525: 1-3.

Geen mens is vir Jesus en sy koninkryk te klein of gering nie. Jesus ryk óók altyd na die minderes, die geringes, die siekes, die armes, die verwerptes, die verstote uit. Jesus is gewoon nie soos die aardse konings en leiers wat bloot maar net met die sogenaamde elite meng nie. Jesus (God en Koning) dink nie hy is beter as enige mens op aarde nie.

Dit is so ‘n geweldige waardevolle les vir ons en ons kerk om te leer. Ek kan wees wie ek wil, maar in die oë van Jesus is ek nie beter as ‘n ander mens met minder as ek nie. Trouens aan die einde van die Jesus verhaal het hy gesterf vir alle mense wat in hom glo ~ ongeag hulle aardse status of posisie. Dit is die ware gelykheid van mense wat ons moet nastreef.

Jesus stap, onder leiding van die Heilige Gees, in hierdie dorpie in. Hy loop Marta raak en sy nooi hom om by hulle te kom eet. Gasvryheid was deur die hele Bybel ‘n kenmerk van die mense wat aan God gehoorsaam gelewe het.

Tekste: Psalm 127: 1, 1983; Efesiërs 6: 24, 2022; Efesiërs 1: 15-23, 2007.
Fokus teks: Lukas 10: 38-42, 1983.
Liedere: VONKK 139: 1-4; Gesang 205: 103; Gesang 250: 1-5; Gesang 525: 1-3.

In die Handwoordeboek van die Afrikaanse taal, lees ons gasvryheid is waar vriend en vreemdeling met gulheid ontvang word. Vriend en vreemdeling met alles in my ontvang word.

Gasvryheid leef in die hart van ons gemeente se visie: Dié Gemeente Zuurfontein streef daarna om ’n gemeenskap van gelowiges te wees waar ons mekaar liefhet, waar ons sterk staan in die geloof, waar ons mense in nood help, en waar ons volhard.

Gasvryheid word duidelik in hoe ons mekaar ontvang, saam kuier en saam swaarkry. Gasvryheid gaan in wese oor gee (ook vir die vreemdeling) en nie net in wat ek kan kry of wat my regte is nie.

Hand aan hand hiermee gaan ook opregte vriendelikheid (ook teenoor die vreemdeling). Vir jare het sommige mense die kerk net geken as ‘n koue onvriendelike plek. Nie gasvry nie. Nie vir almal nie.

Tekste: Psalm 127: 1, 1983; Efesiërs 6: 24, 2022; Efesiërs 1: 15-23, 2007.
Fokus teks: Lukas 10: 38-42, 1983.
Liedere: VONKK 139: 1-4; Gesang 205: 103; Gesang 250: 1-5; Gesang 525: 1-3.

Ek is so dankbaar om te kan sê dat Zuurfontein geken word as ‘n gasvrye gemeente. Die koffie drink kultuur is deel van ons gelowig wees. Dit nooi mense in en laat hulle welkom voel. Daarvan getuig mense wat ons gemeente besoek en selfs later lidmate word.

Kyk nou net watter paaie het hierdie pragtige vertelling van Lukas ons al laat loop. Terug in die verhaal werk Marta haar stukkend om vir Jesus en die ander gaste kos te maak. Sy werk teen ‘n spoed, dit is tog immers Jesus en alles moet vir hom regstaan.

Ek sou dink dat sy met ‘n hand spiritualiteit funksioneer. Sy wil Jesus dien met die dinge wat sy doen, maar sy gaan oorboord (onthou die -te). Haar harde werk beïnvloed haar verhouding met haar suster (Maria) baie negatief. Marta dink almal moet soos sy wees, en daarom vra sy vir Jesus om Maria aan die spreek om soos sy te kom werk in die kombuis. Dit is immers vir ‘n goeie doel.

Tekste: Psalm 127: 1, 1983; Efesiërs 6: 24, 2022; Efesiërs 1: 15-23, 2007.
Fokus teks: Lukas 10: 38-42, 1983.
Liedere: VONKK 139: 1-4; Gesang 205: 103; Gesang 250: 1-5; Gesang 525: 1-3.

Ek het deur my lewe in die kerk geleer dat ‘n mens so besig kan raak met die dinge van die Here, dat jy die Here van die dinge kan mis. Dalk is dit waaraan Marta my herinner. Ons moet hard werk vir die Here, maar nooit so dat ons God mis nie.

Aan die ander kant is daar Maria. Sy funksioneer binne ‘n mistieke spiritualiteit. Vir haar is intense stil oomblikke aan die voete van Jesus belangrik. Simboliese handelinge beweeg haar. Sy ervaar haar geloof op ‘n ander manier as haar suster.

Dit is nie ‘n beter manier nie, net ‘n ander manier. God het ons immers almal verskillend geskape. Hierdie verhaal wil ons leer om versigtig te wees, dat ons nie oor boord gaan met my manier nie. Om balans te kry moet Marta bietjie meer soos Maria wees.

Maria kies om by Jesus se voete te gaan sit, soos ‘n leerling wat by haar leermeester wil leer. Sy wil ook gewoon stil word in die teenwoordigheid van God. Ons

Tekste: Psalm 127: 1, 1983; Efesiërs 6: 24, 2022; Efesiërs 1: 15-23, 2007.
Fokus teks: Lukas 10: 38-42, 1983.
Liedere: VONKK 139: 1-4; Gesang 205: 103; Gesang 250: 1-5; Gesang 525: 1-3.

hoor God makliker praat in die stilte tye van ons lewe. Dit is asof die gejaag en besig wees ons doof maak vir die wil van God.

Nogal, vir daardie tyd, vreemd. Vroue kon nie juis leerlinge van rabbi's wees nie en rabbi's (leermeesters) kon net mans wees. Deur Jesus se hele bediening kies hy teen die gebruik van daardie tyd om mans en vrouens gelyk te sien.

Ek wil afsluit: ek hoop ons het vandag geleer dat dit nie in hierdie vertelling gaan oor Marta of Maria nie, maar oor Jesus en Marta en Maria.

Amen.

WEGSENDING (Seëngroet):
Laat, Heer, u vrede deur my vloei. Waar haat is, laat ek daar u liefde bring.

WEGSENDING:

Tekste: Psalm 127: 1, 1983; Efesiërs 6: 24, 2022; Efesiërs 1: 15-23, 2007.
Fokus teks: Lukas 10: 38-42, 1983.
Liedere: VONKK 139: 1-4; Gesang 205: 103; Gesang 250: 1-5; Gesang 525: 1-3.

Ja, ons weet, ook in ons leed leef ons onder u genade; vrees ons nie die kwade ~ Gesang 525: 1-3